MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

13 MAY 2012

Zille moet bedank: Beloftes maak skuld

"Die DA-leier, Helen Zille, kan net haarself blameer dat sy met 'n twiet te kenne gegee het dat sy sal bedank as daar enige ongerymdhede met die Wes-Kaapse kommunikasietender bevind sou word. Sy is al dikwels uit eie geledere gemaan om 'n wag voor haar vingers te plaas, en nou hét die Openbare Beskermer voorlopig bevind dat die tender 'ongeldig' is, en beëindig moet word," sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP).

"Zille stel hoë eise aan die integriteit en verantwoordbaarheid wat sy van ANC-politieke ampsbekleërs vereis, maar dit gebeur te veel dat wanneer dit haar party raak, in erge tegniese verskansings teruggeval word. In die proses het sy 'n lastereis deur twee verklikkers van die Midvaal-debakel op die lyf geloop, en het die Manie van Dyk Langpaddebakel haar party geskaad.

"Zille het nou die geleentheid om 'n voorbeeld aan haar politieke teenstanders in die ANC te stel, en te bedank, en so die DA se reputasie te red.

"Niemand verwag egter dat sy die daad by die woord sal voeg nie, en dat dit die einde van Zille sal beteken nie, want daar is geen manier wat die DA so 'n bedanking sal aanvaar nie.

"Hierdie insident toon ook die gevaar daarvan dat Suid-Afrika in 'n de facto-tweepartydiktatuur ontaard. Nou het beide mandjies waarin kiesers hul eiers plaas, geval."

Zille must resign: Promises must be kept

"The DA leader, Helen Zille can only blame herself for tweeting that she will resign if any wrongdoing is found in the Western Cape communications tender. She has often been warned by those around her to temper what she tweets, and to watch it when she speaks. Now the Public Protector has provisionally found that there is some wrongdoing, and that the contract needs to be terminated," says Christian Democratic Party (CDP) leader, Rev. Theunis Botha.

"Zille expects integrity and high standards from the ANC political office bearers, but when the finger is pointed at her party it is followed by a flurry of judicial jargon. In the process she faces slander charges from the two Midvaal whistle blowers, and the Manie Long Road incident caused her party a great deal of harm.

"Zille now has the opportunity of being an example to her opponents in the ANC and resign, so saving the DA's reputation. Nobody actually believes that she will do what she has committed herself to and thus the DA and the ANC have much in common. This will not, we believe, be the end of Zille, as her party will, more than likely, not accept her resignation.

"This incident once again highlights the danger of South Africa developing into a de facto two party dictatorship and shows how easily the electorate gets short changed when they fall into a habit of voting for a particular party for all the wrong reasons."